Tema: Span jou in om die geskenk van die nuwe lewe ten volle te leef!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 447:1,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 155: 1,2,3
Votum Joh 17:1–3
"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. [2]U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. [3]En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

Seën – Open 1
Loflied Sb 2 - 4: 1,2
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 17.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Efesiërs 4: 17 – 24
Sing Sb 3 - 4: 1,5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Filippense 3.
Teks: Fil.3: 8 – 14
Sing Lied 422: 1,3 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Sing Sb 14 - 4: 1,2,3,4
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes by die deure: albei kollektes vir die Diakonie.

Geliefde brs en srs en kinders

Die Here het ons die afgelope week deur ons Fokustyd Bybelstudie diep bewus gemaak van die wonderlike gawe van die nuwe lewe waartoe ons saam met Christus opgewek is! Daardie Sondagmore toe Here Jesus uit die graf opstaan het ons as't ware ook saam met Hom opgestaan en het 'n wonderlike nuwe lewe vir ons aangebreek!

'n Lewe as kind van God! 'n Lewe waarin ons nie die skuld van ons sonde hoef te dra nie want Jesus het dit vir ons gedra! 'n Lewe vry van die oorheersing van Satan om nou die wil van God te kan doen! 'n Lewe van geloof, hoop en liefde. Die nuwe lewe onder leiding van die Heilige Gees wat ons kragtig lei om nou al hoe meer verander te word na die beeld van ons Here Jesus! 'n Lewe met die troos dat ons reeds die lewe na die dood besit en dat ons weet wat ons eindbestemming is!

Paulus was oorweldig deur die feit dat geen mens iets kan doen om hierdie nuwe lewe te verdien nie, maar dat dit 'n gawe van God deur Jesus Christus is! Dis waarom hy die lidmate van Filippi so dringend waarsku om nie deur die valse predikers mislei te word wat rondgegaan het en wat hulle weer aan die Joodse wettiese godsdiens wou vasbind nie! Wat hulle wou mislei met die leuen dat hulle self iets moet doen om die nuwe lewe te verwerf nie!

Meer nog! Paulus wou die lidmate aanvuur om die volle omvang van hierdie nuwe lewe te besef en hulle eie te maak! Daarom praat hy van om iets te "verloor" en iets te "wen". Van 'n "wens of begeerte" wat hy najaag! Van iets wat hy "hoop om te bereik". Van "om iets na te jaag en te gryp"! In vers 14 praat hy van 'n wedloop wat hy hardloop "om die prys" te behaal van wat hierdie wonderlike nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het, inhou!

Geliefde dis baie duidelik wat die Here hier deur Paulus vir ons wil sê. Die Here wil vanmore vir ons sê:
Span jou in om die geskenk van die nuwe lewe ten volle te leef! (herhaal)

Die volle waarheid van God se genade aan ons is nie alleen die feit dat ons geloof in Christus 'n gawe van God is en dat ons deur Jesus Christus gered word nie! Dis nie genoeg dat ons net dit weet nie! Baie gelowiges is tevrede net met hierdie waarheid! Hulle voel dat dit genoeg is om te weet dat hulle gered is! Nou is hulle OK en nou kan hulle rustig agteroor sit en wag dat die Here kom!

Brs en srs, ons studie die afgelope week sou misluk het as ons net weer wou hoor dat ons 'n nuwe lewe het en dat ons gered is! Nee die nuwe lewe is baie meer as dit! Ons Here Jesus het dit ook verduidelik met die gelykenis van die wingerdstok! Hy is die Wingerdstok en ons die lote. Hy skenk aan ons die verlossing sodat ons baie vrugte vir God kan dra! Dis hierdie vrugte wat Paulus wil verkry, dis waarna hy soek, dit is waarna hy gryp, najaag en dis die prys wat hy wil behaal in die wedloop van die geloof!

Dis waarom Paulus ook in sy brief aan die lidmate van Efese in hf 1: 18 – 20 skryf:

[18]Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, [19]en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag [20]wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:".

Brs en srs, die nuwe lewe in Christus is dus nie 'n lewe van passiewe terugsit en wag vir die ewigheid nie! Nee, die nuwe lewe is 'n lewe van intense aktiwiteit! Omdat ons besef hoe groot die genade is wat ons ontvang het, hoe wonderlike die lewe deur Christus is, vuur dit ons aan om die volheid daarvan te wil leef! En dis van hierdie volheid in Christus waarvan Paulus in ons teks praat.

Ons fokus op drie sake in ons teksgedeelte:
1. Paulus praat eerstens van die nuwe lewe as 'n gawe van God
2. Tweedens praat hy oor die kenmerke van die nuwe lewe wat hy graag wil vertoon
3. Derdens leer Paulus ons hoe om hierdie volheid met inspanning te verkry.

Die nuwe lewe as 'n gawe. Dis die evangelie van Jesus Christus! Paulus waarsku die lidmate in Philippi dat hulle hulle nie deur die valse predikers moet laat verlei om die leuen te glo dat jyself jou eie redding kan bewerk nie! Paulus verduidelik dat hyself dit eers geglo het toe hy nog 'n Fariseër was! Hy het geglo dat sy goeie werke hom sal red!

Maar toe skenk God vir hom die gawe van geloof! Die geloof dat Jesus Christus alleen jou van sonde kan red en aan jou die nuwe lewe kan gee. En vandat hy Jesus ontmoet het en Hom as sy Verlosser leer ken het, het Paulus besef dat Jesus die belangrikste gawe van jou lewe is! Hy het al sy ou oortuiginge gelos en vasgegryp aan Jesus. Jesus is die grootste bate wat jy in die lewe kan hê – in Hom is die lewe wins!

Paulus gebruik in vers 9 die begrip "om in Christus bevind te word". Die nuwe vertaling vertaal dit met "om een met Christus te wees"! Maar eintlik bedoel Paulus: as julle na my kyk, as julle my geloof beoordeel, moet julle sien dat ek my verlossing net in en deur Jesus Christus gekry het! Die inspanning waarvan Paulus later praat het niks te doen met die manier waarop jy gered word nie! Dis alles God se werk. Dis wat Hy in Christus vir ons skenk en ons moet dit glo! Maar mense moet in ons lewe kan sien dat ons Christusverlostes is! Ek en jy moet in Christus "bevind" word en nie in ons eie werke nie!

Brs en srs, daar is nog so baie gelowiges wat staatmaak op hulle eie werke! Wanneer jy bv. vir iemand vra: waarom glo jy sal jy hemel toe gaan? Dan bevind ek dat 80% van mense iets sal antwoord in die lyn van: want ek doen my bes! Ek lei 'n goeie lewe! Ek gaan kerk toe en ek probeer om my naaste te dien! Dis niks anders as 'n geloof gebou op goeie werke nie! Dis nie waarvoor ons ons moet inspan nie – Ons kan nie! God gee dit vir ons uit genade en Hy gee dit deur Jesus Christus se versoeningwerk!

Paulus sê: ek wil hê wanneer julle na my kyk: moet julle kan raaksien: ek glo in Christus alleen – ek wil in Christus bevind word!

En hoe sal die mense dit kan sien? Dit beskryf Paulus in vers 10 en 11! Daar praat hy in die tweede plek oor die kenmerke van hierdie nuwe lewe!
Hoe sal die mense sien dat Hy in Christus is? Hy noem 5 kenmerke van ’n nuwe lewe in Christus:
1. Die wens om Christus ten volle te ken!
Hierdie “kennis” is nie verstandskennis nie. Paulus wens nie meer te weet van Christus nie! Hy wens om inniger, intiemer met Jesus te lewe! Om in sy persoonlike verhouding met die Here meer Christuservaringe te beleef! Om so saam met die Here te leef dat Hy meer en meer van Jesus kan ontvang om soos ons in 1 Kor. 4 lees: meer en meer soos Jesus te lyk!

Brs en srs en liewe kinders, is dit ook ’n kenmerk van hoe ek en jy ons nuwe lewe leef? Is dit ook ons enigste en belangrikste begeerte om so intiemer met Christus te lewe? Of is dit vir ons genoeg om te weet: Hy het eendag lank lank gelede vir ons aan die kruis gesterf! OF soek ons elke dag sy teenwoordigheid in ons lewe waar Hy nou as koning oor ons regeer?

Gaan dink oor hierdie vraag: Hoe sal die mense in my en jou lewe kan sien dat ons hierdie begeerte na Christus het? Wat sal ons moet doen?

2 Die tweede kenmerk wat Paulus noem is sy wens “om die krag van sy opstanding te ondervind”. Wanneer mense na my kyk, sy Paulus, moet hulle die kragtige werking van die Heilige Gees in my lewe kan sien! Die woord wat Paulus hier vir “krag” gebruik is die bekende Griekse woord : dunamis – waar ons woord dinamiet vandaan kom! “Dunamis” verwys nie net na die omvang van die krag nie: soos bv. plofkrag, geweldige krag nie! Maar dit beteken ook die “krag om weerstand te oorkom” Dis die waarom dit vir Christus se opstanding gebruik word!

Brs en srs, die geweldige onmoontlike moes gebeur dat Jesus uit die dood teruggebring moes word na die lewe! Die weerstand van die dood moes oorkom word! Die weerstand van Satan om te keer dat Jesus ons verlos – moes oorkom word! En dis ’n geweldige kragtige daad van God alleen! Dis soos die krag van die skeppingswerk van God waarmee Hy die wêreld geskep het! En die wonderlike is dat Christus ons aan hierdie geweldige opstandingkrag deur die Heilige Gees laat deel!

En dis hierdie geweldige opstandingskrag van die Gees wat Paulus ten volle wil ervaar! Christus het ons geleer: bid sodat julle met die Heilige Gees vervul kan word! In Hd. 1 beloof Hy vir sy dissipels dat wanneer die Heilige Gees oor hulle kom sal hulle krag ontvang! Krag waarmee die dissipels dinge kon doen wat hulle vroeër nie sou geglo het nie!

In Rom. 6 lees ons: “[4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei. [5]Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal

ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. [6]Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie."

Paulus soek daarna om te ervaar dat die Heilige Gees ook in sy lewe die weerstand wat die sonde bied, te kan oorwin! Br en sr, is dit ook my en jou begeerte? Dat ons deur die krag van die Gees die weerstand van ons ou sondige natuur afbreek en waarlik die nuwe lewe leef? Gaan oordink hierdie vraag: Wat sal ek en jy moet doen sodat mense kan raaksien dat die Heilige Gees kragtig in ons werk – sodat ons in Christus bevind kan word?

3. Die derde kenmerk wat Paulus noem is sy wens "om deel te hê aan Christus se lyding". Ja, die volheid van die nuwe lewe is ook die vermoë waarin ons moet groei om seerkry, beproewing, terugslae en swaarkry in die geloof te dra! Dis die volheid van die nuwe lewe! Om wanneer ek seerkry en swaarkry dit so te dra soos ons in Kol. 1:24 lees waar Paulus sê: "[24]Ek is nou bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan ter wille van sy liggaam, die kerk,"

Kom ons gaan oordink hierdie vraag: Brs en srs, wat moet ek en jy in die geloof moet doen sodat mense die volheid van die nuwe lewe in ons kan sien wanneer ons swaarkry of lyding ervaar?

4. Die vierde kenmerk van die nuwe lewe wat Paulus noem is sy begeerte om "presies soos Christus te word toe Hy dood is". Wat bedoel Paulus hiermee? Hy bedoel dat hy wens dat Hy sy ou sondige natuur kan opoffer soos Christus sy lewe vir ons geoffer het deur vir ons te sterf! Daardie ou sondige mens wat altyd wil oorneem en die nuwe lewe in my verwoes! Paulus begeer dat hy daardie ou sondige natuur kan afsterf soos Christus gesterf het!
Is dit ook ons begeerte? Of koester ons graag nog die ou mens in ons? Gee ons hom maar nog altyd 'n blyplek in ons hart? Of is dit ons begeerte dat hy moet vertrek! Dat hy moet sterf?

Ons vraag om te oordink is: br. en sr, wat sal ek en jy moet doen dat mense kan sien: ek offer my sondige natuur op soos Christus sy lewe vir my geoffer het?

5. Die vyfde en laaste kenmerk van die nuwe lewe noem Paulus in vers 11. Die gelowige se blye sekerheid dat ons eendag die ewige lewe van God sal ontvang. Paulus noem dit "sy verwagting" maar daarmee bedoel hy nie dat hy onseker is daarvan nie! Hy is seker daarvan maar hy wil so leef dat mense kan sien dat Hy dit verwag! Die vreugde van die lewe – as hy in vers 1 vir die lidmate in Filippi sê: Wees bly in die Here! Paulus wens dat die vreugde van die nuwe lewe uit hom sal straal en dat almal kan sien: hy kan nie wag vir die lewe wat hy na die dood van God gaan ontvang nie

Ons oordenkingsvraag: Brs en srs, is dit enigsins deel van my en jou nuwe lewe? Hierdie blye verwagting? Sien mense uit ons vreugde dat ons dit weet en daarvoor leef?

Paulus sê: ek wil hê dat julle in my lewe moet kan sien dat ek op hierdie wyses in Christus se nuwe lewe leef! Ek wil so gesien word! En daarvoor span Paulus hom in!

En deur Paulus sê die Here vir ons in die derde plek: soek na die volheid van die nuwe lewe! Paulus se: Volg my voorbeeld! Span jou in om hierdie kenmerke van die nuwe lewe te leef! Jaag dit na – met ander woorde: maak dit die belangrikste doelwit van jou lewe! Toon met jou ywer dat Jesus Christus die grootste bate van jou lewe is! Nie jou aardse besittings of jou familie of jou status of jou eie genot en bevrediging nie! Maar Christus – as ek net die volheid van Christus kan leef!

En oefen jou daarin soos ’n atleet wat hard oefen sodat hy die wedloop kan wen! En ons almal weet dat om as atleet suksesvol te wees vra dit absolute selfdissipline en volharding! Al word jy moeg, al behaal jy nie die eerste keer sukses nie, hou vol, volhard in jou oefening – die oorwinning kom!

Kyk na Christus en die volle lewe in Hom! Die Hebreërskrywer sê in hf 12: Christus het jou in die wedloop gesit – Hy is die wegspringplek – maar Hy is ook die eindpunt! Hou jou oë op hom.

Verlang na Hom, soek Hom, jaag Hom na! Want dit is die volheid van die lewe! Niks anders nie! Niks anders bring jou vreugde en vervulling nie! Net Christus en sy nuwe lewe!

Ons laaste vraag om oor na te dink: Hoe sal mense hierdie inspanning, hierdie ywer en toewyding in my en jou lewe sien?

Geliefdes kom ons bid ook Paulus se gebed in Efesiërs 3 en vra vir God:[19]Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. [20]Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,”.

Die volheid van die nuwe lewe in Christus – dis waarop God ons vanmore wys! Ons kan dit sien en herken in die 5 kenmerke van hierdie nuwe lewe wat Paulus hier aanwys! En die Here se aanmoedig kom dan nou tot ons: jaag dit na met alles wat jy het!

Amen